

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

6.1 SAMEVATTING EN HIPOTESEVERIFIËRING

6.1.1 Die impak van die politieke veranderinge wat sedert 1990 in Suid-Afrika plaasvind op die samestelling van die studentepopulasie te Technikon Pretoria

Die eerste navorsingsprobleem het navorsing genoodsaak met die doel om die impak van die politieke veranderinge in Suid-Afrika sedert 1990 op die samestelling van die studentepopulasie te Technikon Pretoria te bepaal. In die verloop van hoofstuk 2 word die ontwikkeling van teknikons in Suid-Afrika sedert 1967 aan die orde gestel (vergelyk paragrawe 2.2 tot 2.4). Die ontstaan en ontwikkeling van Technikon Pretoria word in paragrawe 2.5 tot 2.9 kortliks beskryf en aan die hand van statistiese gegewens toegelig. Die ontstaan, beheerstruktuur en profiel van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria word in paragraaf 2.10 aan die orde gestel.

Daar is bevind dat die politieke veranderinge wat sedert 1990 in Suid-Afrika plaasvind 'n definitiewe impak op die samestelling van die studentepopulasies van nie net Technikon Pretoria nie maar die meeste tersiêre inrigtings in Suid-Afrika uitoefen. Die persentasie swart studente aan Technikon Pretoria, gemeet teen die totale studentetal, het met 60% (van 5% gedurende 1984 tot 65% gedurende 1998) toegeneem.

Die etniese samestelling van die studentepopulasie te Technikon Pretoria toon oor 'n periode van 11 jaar, dit wil sê vanaf 1987-1998, 'n drastiese verandering deurdat:

- die persentasie blanke studente, gemeet teen die totale studentepopulasie, met 51.7% (van 99.3% gedurende 1987 tot 47.6% gedurende 1998) afgeneem het;
- die persentasie Indiërstudente, gemeet teen die totale studentepopulasie, met 0.8% (van 0.2% gedurende 1987 tot 1.0% gedurende 1998) toegeneem het;

- die persentasie kleurlingstudente, gemeet teen die totale studentepopulasie, met 1.1% (van 0.2% gedurende 1987 tot 1.3% gedurende 1998) toegeneem het;
- die persentasie swart studente, gemeet teen die totale studentepopulasie, met 49.8% (van 0.3% gedurende 1987 tot 50.1% gedurende 1998) toegeneem het.

Die etniese samestelling van die studentepopulasie van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria toon oor 'n periode van 4 jaar, dit wil sê vanaf 1994-1998, 'n verandering deurdat:

- die persentasie blanke studente, gemeet teen die totale studentepopulasie, met 42% (van 80.1% gedurende 1994 tot 38.1% gedurende 1998) afgeneem het;
- die persentasie Indiërstudente, gemeet teen die totale studentepopulasie, met 0.1% (van 0.8% gedurende 1994 tot 0.9% gedurende 1998) toegeneem het;
- die persentasie kleurlingstudente, gemeet teen die totale studentepopulasie, met 0.4% (van 2.2% gedurende 1994 tot 1.8% gedurende 1998) afgeneem het;
- die persentasie swart studente, gemeet teen die totale studentepopulasie, met 42.3% (van 16.9% gedurende 1994 tot 59.2% gedurende 1998) toegeneem het.

Die geslagsverdeling van die studentepopulasie te Technikon Pretoria toon oor die vermelde periode van 11 jaar, dit wil sê vanaf 1987-1998, 'n verandering deurdat:

- die persentasie manlike studente met 7.2% (van 56.7% gedurende 1987 tot 49.5% gedurende 1998) afgeneem het;
- die persentasie vroulike studente dienooreenkomstig met 7.2% (van 43.3% gedurende 1987 tot 50.5% gedurende 1998) toegeneem het.

Die geslagsverdeling van die studentepopulasie van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria toon oor die periode van 4 jaar, dit wil sê vanaf 1994-1997, 'n verandering deurdat:

- die persentasie manlike studente met 9% (van 64% gedurende 1994 tot 55% gedurende 1997) afgeneem het;

- die persentasie vroulike studente dienooreenkomstig met 9% (van 36% gedurende 1994 tot 45% gedurende 1998) toegeneem het.

Met voorafgaande as basis word bevestig dat die komplementêre hipotese as waar bewys is.

6.1.2 Die dalende slaagsyfer aan Technikon Pretoria

Die tweede navorsingsprobleem, wat ook die begroning van hierdie studie is, is nagevors om te bepaal wat die daling in die slaagsyfer van die studentepopulasie aan Technikon Pretoria sedert 1994 is. Die gevolgtrekking word gemaak dat die politieke veranderinge wat sedert 1990 in Suid-Afrika plaasvind nie net tot 'n verandering in die samestelling van die studentepopulasie van Technikon Pretoria gelei het nie maar ook onder meer geïmpakteer het op die slaagsyfer en wel soos volg:

- Die gemiddelde uitvalsyfer van eerstejaarstudente het met 2% (van 33% gedurende periode 1994-1995 tot 35% gedurende periode 1995-1996) toegeneem.
- Die gemiddelde uitvalsyfer van die eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria is baie hoër as die gemiddelde uitvalsyfer van Technikon Pretoria. Vir die periode 1994-1995 is die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe se uitvalsyfer van 50% sowat 17% hoër as dié van die Technikon in geheel. Vir die periode 1995-1996 is die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe se uitvalsyfer van 51% nagenoeg 16% hoër as dié van die Technikon in geheel.
- Die gemiddelde aantal eerstejaarstudente aan Technikon Pretoria wat meer as 50% van hul teoretiese eksamens druipe, het met 2% (van 38% gedurende 1994 tot 40% gedurende 1997) toegeneem.
- Die gemiddelde aantal eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe wat meer as 50% van hul teoretiese eksamens druipe, het met 17% (van 59% gedurende 1994 tot 42% gedurende 1997) afgeneem.

- Die gemiddelde aantal eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe wat meer as 50% van hul teoretiese eksamens druipt, is veel meer as die gemiddelde vir die Technikon in geheel.
- Die gemiddelde aantal eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe wat nie 'n driejaarkursus suksesvol in vier jaar kon voltooi nie, is 7.5% hoër as die gemiddelde vir die totale Technikon. Dit impliseer dat 54.5% van alle eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria nie daarin kon slaag om 'n driejaarkursus in vier jaar te voltooi nie.

Die komplementêre hipotese, naamlik dat die slaagsyfer aan Technikon Pretoria sedert 1990 'n daling toon, is hiermee as waar bewys.

6.1.3 Die wetenskaplik verantwoordbare identifisering, klassifisering en kategorisering van die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur die eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar word

Die derde en vierde navorsingsprobleem is nagevors met die doel om te bepaal of die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur die eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar word op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse nagevors, geïdentifiseer, geklassifiseer en gekategoriseer kan word.

Die uitvoering van 'n fenomenologies-georiënteerde literatuurstudie (vergelyk hoofstukke 2 en 3) op die gebied van akademiese ontwikkeling het daartoe aanleiding gegee dat die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur die eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar word vanuit die literatuur geïdentifiseer is as universele aspekte. Die drie hoofgroepe waarin die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat dié studente ervaar, is geklassifiseer en gekategoriseer in tabel 8 (vergelyk paragrawe 4.2 en 4.3).

Die fenomenologies-georiënteerde literatuurstudie het verder gelei tot die identifisering van die beplanningsvennote (vergelyk paragraaf 5.2) en is met empiriese navorsing opgevolg deurdat gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude met beplanningsvennote uitgevoer is (vergelyk bylaag 3). Na afloop van die identifisering en klassifisering van die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur onderzoekgroep ervaar word, is 'n gestruktureerde groepsvraelys ontwikkel en daargestel (vergelyk paragraaf 5.3).

Aan hand van die gestruktureerde groepsvraelys is die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur onderzoekgroep ervaar word, wetenskaplik bepaal. 'n Frekwensietabel is vanuit die voltooide en gekodeerde vraelyste saamgestel ten einde die rou data tot verstaanbare en interpreteerbare eenhede te verwerk (vergelyk paragraaf 5.3).

Die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur die onderzoekgroep ervaar word, is aan die orde gestel in paragrawe 5.4 tot 5.8. Dit is verder geklassifiseer en gekategoriseer (vanaf die hoogste tot laagste persentasie) in tabel 16.

Hiermee is die komplementêre hipoteses, naamlik dat die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur die eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria ervaar word, op 'n wetenskaplike verantwoordbare wyse nagevors, geïdentifiseer, geklassifiseer en gekategoriseer kan word, as waar bewys.

6.1.4 Strategiese modelle en/of oplossings ten einde die slaagsyfer van die eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria te verbeter

Die vyfde navorsingsprobleem het navorsing gerig om te bepaal of strategiese modelle en/of oplossings vanuit hierdie studie daargestel kan word, met die oog op die

verbetering van die slaagsyfer van die eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria.

Met verwysing na paragraaf 6.2.1 is dit duidelik dat strategiese modelle en/of oplossings vanuit hierdie studie, met die oog op die verbetering van die slaagsyfer van die eerstejaarstudente verbonde aan die vermeldde Fakulteit, wel daargestel kan word. Derhalwe is die komplementêre hipotese daarmee as waar bewys.

6.1.5 'n Enkele akademiese ontwikkelingsmodel vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria

Navorsing oor die sesde en laaste navorsingsprobleem het ten doel gehad om te bepaal of die daarstelling van 'n enkele akademiese ontwikkelingsmodel vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria vanuit hierdie studie moontlik is.

Met verwysing na paragraaf 6.2.1 is dit duidelik dat 'n enkele akademiese ontwikkelingsmodel vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria wel daargestel kan word. Derhalwe is ook die komplementêre hipotese ten opsigte van hierdie navorsingsprobleem hiermee as waar bewys.

6.2 AANBEVELINGS

Vanuit paragrawe 5.2 tot 5.8 en meer spesifiek tabel 13 is dit duidelik dat die eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria nie tydens hul sekondêre skoolfase toegerus is met die nodige kennis, tegnieke en vaardighede om akademies suksesvol aan die betrokke Fakulteit en Technikon te presteer nie. Dit is algemeen bekend dat tersiêre onderwysinstansies in Suid-Afrika, byvoorbeeld Technikon Pretoria, geen subsidie van die regering ontvang vir die toerus van eerstejaarstudente met die nodige kennis, tegnieke en vaardighede ten einde akademies suksesvol te wees nie.

'n Holistiese benadering tot akademiese ontwikkeling behoort egter gevolg te word wat impliseer dat alle aspekte van akademiese ontwikkeling binne die vermeldde Fakulteit

gekoördineerd moet plaasvind. Die volgende vyf aspekte van akademiese ontwikkeling is ter sprake, naamlik:

- alle akademiese ontwikkelingsaktiwiteite met betrekking tot studente;
- alle akademiese ontwikkelingsaktiwiteite met betrekking tot dosente;
- tersake kurrikulumontwikkeling;
- navorsing met betrekking tot alle fasette van akademiese ontwikkeling;
- organisatoriese beheerstrukture.

Die volgende aanbevelings met betrekking tot die implementering van akademiese ontwikkeling word gemaak ten einde 'n holistiese benadering ten opsigte daarvan binne die betrokke Fakulteit te vestig.

6.2.1 Aanbevelings ten opsigte van implementering

6.2.1.1 'n Sentrale eenheid vir akademiese ontwikkeling

'n Sentrale eenheid vir die koördinerings van alle akademiese ontwikkelingsaktiwiteite moet binne die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria gestig word. Dit impliseer geensins dat die huidige werksaamhede van bestaande afdelings/departemente/direktorate te Technikon Pretoria, wat by akademiese ontwikkelingsaktiwiteite betrokke is, as nietig verklaar word en as sodanig moet verdwyn nie. Die onderskeie afdelings/departemente/direktorate betrokke by akademiese ontwikkelingsaktiwiteite se rol, taak en funksie behoort egter geherdefinieer te word. So 'n eenheid sal dus verantwoordelik wees vir die koördinerings van alle akademiese ontwikkelingsaktiwiteite binne die betrokke Fakulteit met betrekking tot die studente, dosente, kurrikulumontwikkeling, navorsing en organisatoriese beheerstrukture.

6.2.1.2 Die aanstelling van 'n kundige

'n Kundige op die gebied van akademiese ontwikkeling behoort by die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe aangestel te word ten einde die totale proses te bestuur.

Die onderstaande lys van take behoort in die opstel van so 'n posbeskrywing vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria in gedagte gehou te word, naamlik:

- die koördinerings van alle aspekte met betrekking tot die akademiese ontwikkeling van studente;
- die koördinerings van alle aspekte met betrekking tot die akademiese ontwikkeling van dosente;
- die koördinerings van alle aspekte met betrekking tot die akademiese ontwikkeling van akademiese ontwikkelingspraktisyns;
- die jaarlikse opstel en bestuur van 'n bedryfs- en kapitale begroting;
- die opstel van 'n strategiese plan wat dié van die Fakulteit en Technikon moet komplementeer;
- die ontwikkeling en implementering van 'n kwaliteitsversekeringsstelsel met betrekking tot akademiese ontwikkeling;
- die effektiewe bestuur, in samewerking met die betrokke afdeling/departement/direktoraat te Technikon Pretoria met betrekking tot laboratoria en toerusting, soos van toepassing op die onderskeie akademiese ontwikkelingsaktiwiteite;
- die koördinerings van institusionele, provinsiale, nasionale en internasionale netwerke met betrekking tot akademiese ontwikkeling binne die bepaalde vakgebied;
- die daarstelling van samewerkingsooreenkomste met betrekking tot akademiese ontwikkeling;
- die inisiëring en koördinerings van alle navorsingsaktiwiteite met betrekking tot akademiese ontwikkeling binne die betrokke Fakulteit;
- sitting op alle tersake komitees;
- die integrering van akademiese ontwikkeling met die hoofstroom van akademiese aktiwiteite op voorgraadse en nagraadse vlak binne die betrokke Fakulteit.

6.2.1.3 Implementering van 'n verpligte akademiese oriënteringsprogram

Die implementering van 'n verpligte akademiese oriënteringsprogram is in paragraaf 5.6.3 aangedui as 'n werklike behoefte deurdat 679 (84.6%) van die respondente aangedui het dat hulle 'n verpligte akademiese program sal verkies. Die aspekte wat respondente reken in 'n akademiese oriënteringsprogram opgeneem behoort te word, word in tabel 14 verskaf.

Die volgende voorstelle ten opsigte van 'n verpligte akademiese oriënteringsprogram word gemaak, naamlik dat:

- die program gedurende die eerste semester van elke jaar aan alle eerstejaarstudente aangebied moet word;
- die program oor 'n periode van ses maande aangebied moet word;
- minstens een uur per week op die akademiese rooster aan die betrokke program toegeken word;
- die betrokke program sodanig gekurrikuleer moet word dat die student na afloop van die suksesvolle afhandeling daarvan sekere krediete sal verwerf;
- die krediete wat die student verwerf byvoorbeeld as 20% van die predikaat van die hoofderrigaanbieding van 'n betrokke kursus sal geld.

6.2.1.4 Ontwikkeling van die tutorstelsel

Dit is vanuit paragraaf 5.7.1.2 duidelik dat daar 'n baie groot leemte met betrekking tot die ontwikkeling en implementering van 'n effektiewe tutorstelsel bestaan, deurdat 591 (73.5%) van die respondente aandui dat hulle op hul eie studeer.

6.2.1.5 Herontwerp van studiehandleidings

Die feit dat slegs 303 (37.7%) van die respondente aandui dat hulle vir lesings voorberei (vergelyk paragraaf 5.7.1.3) beteken dat die oorgrote meerderheid van die respondente, naamlik 500 (62.3%) nie die waarde van die studiehandleiding begryp nie.

Die herontwerp van die studiehandleiding met inagneming van die spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur die eerstejaarstudente ervaar word, blyk nodig te wees.

6.2.1.6 Ontwikkeling van ‘n formele kursus

Vanuit hierdie studie is dit duidelik dat daar ‘n behoefte bestaan aan ‘n formele voorgraadse kursus met betrekking tot akademiese ontwikkeling. Die kurrikulering en gepaardgaande implementering van ‘n formele kursus, byvoorbeeld Baccalaureus Technologiae (Akademiese Ontwikkeling) ten einde die praktiseerders van akademiese ontwikkeling op alle vlakke van die onderwysvoorsieningstel in Suid-Afrika sinvol toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en tegnieke, is nodig.

6.2.1.7 Ontwikkeling van ‘n verklarende fakulteitswoordeboek

Die ontwikkeling en daarstelling van ‘n verklarende fakulteitswoordeboek vir die betrokke Fakulteit, blyk krities belangrik te wees deurdat die respondente aandui dat hulle nie die terme, kernwoorde, begrippe en konsepte wat in lesings (vergelyk paragraaf 5.8), toetse en eksamens gebruik word (vergelyk paragraaf 5.7.3) verstaan nie. Die aanbeveling word gemaak dat die eerstejaarstudente aan die betrokke Fakulteit gebruik moet word om daardie terme, kernwoorde, begrippe en konsepte wat moeilik verstaanbaar is te identifiseer. Daarna behoort ‘n geselekteerde groep studente en vakkundiges (dosente) verklarings te skryf wat vir studente verstaanbaar sal wees. Hierdie dokument behoort verder as ‘n verpligte voorgeskrewe boek vir alle eerstejaarstudente aan die betrokke Fakulteit gepubliseer te word.

6.2.1.8 Ontwikkeling van ‘n keurings/-toelatingstoets

‘n Wetenskaplik verantwoordbare keurings/-toelatingstoets behoort vir die betrokke Fakulteit ontwikkel te word, deurdat die matrieksimbole en gepaardgaande voorspellingswaarde daarvan ten opsigte van die waarborg van akademiese sukses onder verdenking is. Deur ‘n profiel van al die eerstejaarstudente byvoorbeeld gedurende

Februarie op te stel en dit dan te vergelyk met die akademiese prestasie van elke individu na afloop van die eerste studiejaar, behoort dit moontlik te wees om die profiel van 'n akademies suksesvolle student binne elke groep van onderrigaanbiedinge te bepaal. 'n Keurings/-toelatingstoets waarvan die voorspellingswaarde ten opsigte van akademiese sukses meer geldig sal wees as die bestaande gebruik van matrikulasiesimbole, kan dus ontwikkel word.

6.2.1.9 Stigting van 'n institusionele forum

Die stigting van 'n institusionele forum met betrekking tot alle aspekte rakende akademiese ontwikkeling aan die Technikon behoort aandag te geniet. So 'n forum sal dus verseker dat akademiese ontwikkeling aan Technikon Pretoria in sy geheel op 'n holistiese wyse bestuur sal word, deur die optimale integrering van alle aktiwiteite en aspekte rakende akademiese ontwikkeling. 'n Verhoging in die algehele slaagsyfer van Technikon Pretoria en nie net die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe nie, behoort teweeggebring te word.

Aanbevelings ten opsigte van moontlike navorsingsprojekte, soos vanuit hierdie studie geïdentifiseer, word vervolgens aan die orde gestel.

6.2.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

Voortvloeiend vanuit hierdie studie word die volgende navorsingsprojekte voorgestel:

- ◆ Vergelykende navorsing ten opsigte van die akademiese prestasie van eerstejaarstudente verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria en die verband met die onderstaande faktore behoort nagevors te word, ten einde noodsaaklike aanpassings tot die toelatingsvereistes vir elk van die onderskeie onderrigaanbiedinge te maak. Aspekte van belang is, onder meer:
 - ouderdom;



- gebied van herkoms;
 - etniese groepering;
 - grootte van gesin;
 - tuiste van student terwyl hy/sy studeer;
 - wyse waarop student se rekening vereffen word;
 - jaar waarin die student gematrikuleer het;
 - plek waar student studeer.
- ◆ Hierdie studie behoort ook op die deeltydse studente verbonde aan die betrokke Fakulteit uitgevoer te word, ten einde te bepaal of hulle dieselfde probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes ervaar as die voltydse studente.
 - ◆ Die unieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes wat deur eerstejaarstudente vanuit enkelouergesinne ervaar word, moet nagevors word ten einde spesifieke oplossings vir hierdie groep studente daar te stel.
 - ◆ Die impak op daardie eerstejaarstudent wat 'n eerstegenerasie-tersiêre student uit 'n bepaalde gesin is, behoort nagevors te word sodat hul spesifieke probleme, behoeftes, gapings of gebreke en leemtes bepaal en aangespreek kan word.
 - ◆ Die rede(s) waarom daar 'n negatiewe persepsie bestaan rondom eerstens die afhandeling van studie binne die voorgeskrewe minimum tydperk en tweedens die verkryging van werk na afloop van studies, moet bepaal word met spesifieke verwysing na die diskrepansie tussen blanke en swart respondente. Gepaardgaande oplossings om die persepsies te wysig, sal noodwendig gegenerereer moet word.
 - ◆ Tot tyd en wyl 'n unieke toelatingstoets vir elk van die onderrigaanbiedinge ontwikkel is, behoort die huidige stelsel van toelatingsvereistes wat gebaseer is op matriksimbole nagevors te word.



- ◆ Die huidige werwingsbeleid van Technikon Pretoria moet nagevors word ten einde die sinvolheid en toepaslikheid daarvan te bepaal en wysigings aan te bring waar en indien nodig.
- ◆ Die onderrig/hulp/begeleiding wat voornemende eerstejaarstudente op sekondêre skool ontvang, behoort in detail nagevors te word ten einde die diepte en omvang van sodanige onderrig/hulp/begeleiding te bepaal.
- ◆ Die voorgestelde akademiese oriënteringsprogram wat in die onderhawige studie ter sprake kom, behoort gekurrikuleer en in die praktyk toegepas te word.
- ◆ Rakende studiemetodes en -tegnieke behoort die volgende aspekte nagevors te word:
 - die rede(s) waarom 67% van die respondente tien ure en minder per week studeer;
 - die rede(s) waarom 73.5% van die respondente op hul eie studeer;
 - dit wat die dosent addisioneel tot sy/haar huidige take en opdragte kan gebruik en/of implementeer ten einde studente te help om hul tyd meer effektief te benut;
 - die redes waarom 500 (62.2%) van die respondente nie vir lesings voorberei nie;
 - die redes waarom 45% van die respondente slegs gedeeltes van die leerinhoud vir 'n toets of eksamen bestudeer.
- ◆ Vanuit hierdie studie is dit nie duidelik presies wat die probleme is wat deur 39% van die respondente ondervind word ten opsigte van die afneem van notas in die lesinglokaal nie. Die redes hiervoor asook moontlike oplossings behoort deur 'n navorsingsprojek bepaal te word.

- ◆ Die multidimensionele profiel van die suksesvolle eerstejaarstudente aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Technikon Pretoria behoort nagevors te word.

6.3 SLOTOPMERKING

Vir Technikon Pretoria om sy visie, missie hoofsaak en waardestelsel tot voordeel van die ekonomiese groei van Suid-Afrika uit te voer, is dit noodsaaklik dat die uitsakking en druiping van eerstejaarstudente tot die minimum beperk word. Hierdie beperking is van toepassing op al die fakulteite van Technikon Pretoria en nie net op die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe nie.

Hierdie studie toon dat 'n holistiese benadering tot akademiese ontwikkeling moontlikhede bied vir die beperking van uitsakking of druiping van eerstejaarstudente, wat dus die slaagsyfer sal verhoog en Technikon Pretoria in staat sal stel om aan die eise van die tyd te voldoen.